06

23 Februarie 2024

# Basuiner





# FINANSIES

**BUSBETALINGS**

Busvervoergelde wat betaalbaar is moet asseblief gespesifiseer word as busgelde, indien nie gespesifiseer nie, word die betaling aangewend vir skoolfonds.
Gebruik die regte verwysings:
Bv. - Skoolgeld - R001
- Busgeld - R001 Bus

**AANDAG**

**A - M : Me Ria Steyl**
ria.steyl@bastionhs.co.za

**N - Z : Me Ronell Roelofse**
ronell.roelofse@bastionhs.co.za

**Debiteure werk streng op afsprake op vanverband van die leerder**

**SUBSIDIE AANSOEKE en SKOOLVERLATERS**
**Me Gerda Naude**
gerda.naude@bastionhs.co.za

Made with PosterMyWall.com

FINANSIES

# Agterstallige skoolfonds

NB!

"S" rekening.
Ouers, wees asseblief bewus dat alle agterstallige skoolfonds, word op 'n nuwe rekening gelaai - verwysing vir hierdie rekening en huidige jaar sal verskil, bv.

- Agterstallige rekeninge (2023 en voor) = G 001 S
- Huidige jaar (2024) = G 001

BASTION BOU

Betaling moet asseblief dienooreenkomstig plaasvind.

# 2024 Vrystellings aansoeke + eerste paaiement ondernemings

Indien daar betalings gemaak word op die huidige jaar se verwysing en daar nog agterstallige skoolfonds is - sal dit eers vir die agterstallige skoolfonds geallokeer word totdat dit op datum betaal is en daarna word betalings gemaak op die huidige jaar se rekening.

Aansoeke vind plaas 15 - 31 Januarie.
Keerdatum 1 - 28 Februarie.

**Bring asseblief 'n bewys van betaling!!!!**

Alle skoolgelde word asseblief in die skoolfondsrekening inbetaal:
Hoërskool Bastion
ABSA Horison
Tjekrek no: 330153156

Hiermee versoek Bastion dat enige 1ste paaiement inbetalings wat u in 2023 vir 2024 doen, asseblief sal reflekteer op die verwysing as 2024 - 1ste paaiement.

Made with PosterMyWall.com


Hoërskool Bastion
2024
Beheerliggaamverkiesing
Neem asseblief kennis:
Die volgende
Beheerliggaamverkiesing
vind plaas op
6 Maart 2024.
Ons moedig ouers aan
om hulself beskikbaar
te stel as
Beheerliggaamslid en
beskikbaar te wees vir
verkiesing.
Indien daar nie 'n
kworum bereik word nie,
sal die tweede
vergadering op 14 Maart
2023 plaasvind.
BASTION BOU
BETER, BESTE, BASTION
https://www.bastionhs.co.za/


BASTION BOU
Hoërskool
Bastion
MANNE-AAND
10 Mei 2024
Tyd: 18:00 - 00:00
KOM GENIET DIE AAND SAAM MET ONS!
Prys: R450 per persoon / R4 500 per tafel
By die kaartjie is ingesluit: aandete, vermaak & verversings.
• Danie van Niekerk
• Rugbyraai - tafel wat wen ontvang R10 000 kontant!
Navrae per epos: vandenberg.werner6@gmail.com


Hoërskool Bastion
Epos CV na: hoof@bastionhs.co.za
Vakante pos
vanaf 15 Februarie 2024
SW Gr 8 en 9
LO Gr 8 en 9
Rugbykondisionering
Vereistes:
- Toepaslike onderwyskwalifikasie
- SACE Registrasie
- Buitekkurrikulêre betrokkenheid
SLUITINGSDATUM: 1 MAART 2024
Suksesvolle kandidate sal gekontak word vir 'n onderhoud.


BUFFELFEES 2024
BEPLANNINGSVERGADERING
28 FEB 2024
ALMAL WAT BELANGSTEL IS WELKOM
OM 18:00
IN DIE PERSONEELKAMER

# Neem Kennis

## AFHAAL VAN LEERDERS

Indien leerders laat afgehaal word by die skool, maak groot asseblief seker dat leerders nie buite die skool wag nie.

Leerders moet asseblief binne die skool by die hoofhek wag vir ouers. (ook nie buite die Sporthek nie)

## DETENSIE en die SPORTROETE

Ouers, neem asseblief kennis dat leerders wat detensie het, nie van die sportbus gebruik kan maak nie. Die sportbus is uitsluitlik vir leerders wat betrokke is by Sport & Kultuur asook ekstra klasse.

U as ouer moet u kind self kom afhaal as hy/sy dentensie gekry het.

Baie dankie vir u Samewerking

## Medikasie

LEERDERS WAT ASMA OF ENIGE ALLERGIE HET OF OP ENIGE MEDIKASIE IS, MOET ASSEBLIEF HUL MEDIKASIE BY HUL DRA.

DIE SKOOL MAG GEEN MEDIKASIE AAN 'N LEERDER VERSKAF NIE, DAAROM MOET OUERS ASSEBLIEF SEKER MAAK DAT LEERDERS WEL HUL MEDIKASIE SAAM SKOOL TOE BRING.

HIERDIE MEDIKASIE KN BY DIE SIEKEKAMER TOEGESLUIT WORD INDIEN OUERS DIT SO VERKIES.

Kontak Me Amanda de Jager in hierdie verband by

amanda.dejager@bastionhs.co.za

## Gebedsgroep

Dinsdae

08:00

U word vriendelik uitgenooi om betrokke te raak by ons gebedsgroep.

ONS ONTMOET IN DIE VOORPORTAAL VANAF 07:30

Hoërskool Bastion

Kontak gerus vir Me Hannetjie de Jager by 027 229 7575

## Kommunikasie.

Kommunikasie na personeel en ouers op whatsapp wil ons graag beperk tot 17:00 daagliks.

Baie dankie vir u ondersteuning in die verband.

Bastiongroete

Beter Beste Bastion

Ons herinner ouers om asseblief te onthou om die kwartaalikse riem papier en toiletpapier te bring.

Al u ou tydskrifte en koerante is welkom om by ons kantoor afgelewer te word. Dit gaan in ons Taleklasse gebruik word.

Aandag: Me P van Zyl asseblief.



Geagte ouers

Businligting vir 2024:

Enkelrit: R50
20 x ritte: R500
Maandkaartjie: R900

Geen bussubsidies sal toegestaan word nie. Geen leerder sal sonder 'n buskaartjie toegelaat word op die bus nie.

Ouers neem asseblief kennis van hierdie belangrike inligting. Geen uitsonderings vir 2024 kan gemaak word nie.
Bastion-groete

Hoërskool Bastion! Buffelland!

Beter Beste Bastion

# Ken jou Dagboekie

BASTION BOU

Beter Beste Bastion

Hoërskool Bastion beskou boelie, asook geestelike boelie van 'n leerder, ouer persoon of onderwyser, as 'n baie ernstige saak en daar sal streng opgetree word teenoor individue/groepe wat hulle daaraan skuldig maak.
'n Skriftelike waarskuwing sal aan die individu/e uitgereik word en indien daar met die gedrag voortgegaan word, sal verdere dissiplinêre stappe gevolg word.

Dagboekie bl 30

Made with PosterMyWall



Bastion gee jou vlerke!

Lees hier

**Aandag alle leerders, 16 jaar en ouer:**

**Almal moet baie dringend aansoek doen vir 'n ID-dokument.**

**Ouers/wettige voog moet leerders vergesel.**

**GEEN MATRIEKAANSOEK MAG GESKIED SONDER ID DOKUMENT NIE!**



# SBST

# SOS

4 / 11 / 18 Maart 2024

8 / 15 / 22 / 29 April 2024

Praktiese raad hoe om **dwelm misbruik** te hanteer

**Maandae om 19:00**

Sluiting vir Registrasie is op 26 Februarie.

**Bevestig bywoning met:**

**Hennie Smit: 083 271 7448 - henniesmit94@gmail.com**
**Ronel de Klerck: 084 706 5346 - roneldeklerck@gmail.com**

Geagte ouers/voogde

**RE: NETE EN LUISE**

Ongelukkig is daar gevalle van kopluise en nete onder leerders gevind. Dit is elke ouer se plig om sy eie kind se hare gereeld te deursoek en die nodige stappe te neem indien nodig. Ons vra daarom dat u asseblief op die volgende sal let:

1. Enigeen kan kopluise en nete kry.
2. Kopluise is klein grys/bruinkleurige insekte wat op hare en kopvel leef van die bloed van die besmette persoon.
3. Nete is grys/wit en lyk byna soos skilfers, maar kleef aan die hare vas en sal nie net met borsel uitval nie. (Nete is die luiseiers).
4. Luise en nete kom enige tyd van die jaar voor, maar veral gedurende die warm somermaande.

**<u>Om verspreiding te voorkom, is die volgende maatreëls nodig:</u>**

1. Die besmette persoon en al die ander lede van die gesin moet ondersoek en behandel word.
2. Die volgende middels is beskikbaar: **Quellade of Gambex sjampoe** en ander.

2.1 Maak die hare net klam en wend sjampoe aan en vorm 'n ryk skuim.

2.2 Laat dit 5 minute aan en spoel dan af.

2.3 Meng ½ koppie asyn en ½ koppie kookolie en spoel die hare dan daarmee af.

2.4 Neem nou 'n fyn kam en kam die hare daarmee. Indien daar nog nete in die hare is, moet dit met die vingers verwyder word. Herhaal die behandeling na 24 uur indien nodig. Herhaal die sjampoe-was na 7 dae om nete wat agtergebly het, nie kans te gee om weer uit te broei nie.

'n Ander baie goeie produk om te gebruik is **"Nature's Miracle se Tea Tree Oil Lice Treatment"**. Hierdie is 'n natuurlike middel wat by apteke beskikbaar is. Dit is deur 'n paar van ons ouers beproef en het baie goeie resultate gelewer.




**ONTHOU:** **U kind mag nie terugkom skool toe indien daar nog enige nete en luise teenwoordig is nie.
Hierdie is 'n Departementele regulasie.**

**<u>Voorkoming is beter as genesing:</u>**

1. Gaan u kinders se hare daagliks na.
2. Leer u kinders om nie ander se kamme, borsels of handdoeke te gebruik nie.
3. Lang hare moet gevleg word.
4. **Alle beddegoed van die besmette persoon moet gewas en met 'n warm strykyster gestryk word.**

Ons waardeer u samewerking in hierdie verband.

# Toetsrooster



**HOËRSKOOL BASTION KWARTAAL 1 TOETSREEKS GRAAD 8 TOT 12**

| Datum | Graad 8 | Graad 9 | Graad 10 | Graad 11 | Graad 12 |
|---|---|---|---|---|---|
| 14-16 FEB | | | GEOGRAFIE OPDRAG | GEOGRAFIE OPDRAG | GEOGRAFIE OPDRAG |
| 23 FEB | | | LO OPDRAG | LO OPDRAG | LO OPDRAG |
| 26 FEB | | | AFRIKAANS | ENGELS | AFRIKAANS |
| 27 FEB | AFRIKAANS | ENGELS | ENGELS | AFRIKAANS | ENGELS |
| 28 FEB | | | ONTWERP<br>DANS | I.G.O. | TOERISME |
| 29 FEB | ENGELS | AFRIKAANS | IGO<br>DRAMA | TOERISME | ONTWERP<br>DANS<br>DRAMA |
| 1 MAART | TEGNOLOGIE | EBW | TOERISME | ONTWERP<br>DANS<br>DRAMA | RTT TEORIE |
| 4 MAART | | | BESIGHEIDSTUDIES | RTT TEORIE | VERBRUIKERSTUDIES<br>GASVRYHEIDSTUDIES<br>MEGANIES<br>SIVIEL<br>ELEKTRIES |
| 5 MAART | WISKUNDE | WISKUNDE | WISKUNDE<br>TEGNIESE WISKUNDE<br>WISKUNDIGE GELET | VERBRUIKERSTUDIES<br>GASVRYHEIDSTUDIES<br>MEGANIES<br>SIVIEL<br>ELEKTRIES | GEOGRAFIE<br>VISUELE KUNS |
| 6 MAART | | | RTT PRAKTIES | GEOGRAFIE<br>VISUELE KUNS | BESIGHEIDSTUDIES |
| 7 MAART | SW | NW | RTT TEORIE | RTT PRAKTIES | IGO |
| 8 MAART | | | FISIESE WET<br>TEGNIESE WET | BESIGHEIDSTUDIES | LEWENSWETENSKAPPE |
| 11 MAART | NW | SW | GEOGRAFIE<br>VISUELE KUNS | WISKUNDE<br>TEGNIESE WISKUNDE | WISKUNDE<br>TEGNIESE WISKUNDE |
| | | | | WISKUNDIGE GELET | WISKUNDIGE GELET |
| 12 MAART | SKEPPENDE KUNS | TEGNOLOGIE | VERBRUIKERSTUDIES<br>GASVRYHEIDSTUDIES<br>MEGANIES<br>SIVIEL<br>ELEKTRIES | REKENINGKUNDE<br>DANS PAT | RTT PRAKTIES |
| 13 MAART | EBW | SKEPPENDE KUNS | LEWENSWETENSKAPPE | LEWENSWETENSKAPPE | FISIESE WET<br>TEGNIESE WET |
| 14 MAART | | | REKENINGKUNDE<br>DANS PAT | FISIESE WET<br>TEGNIESE WET | REKENINGKUNDE<br>DANS PAT |
| 15 MAART | | | | | |

- VRAESTELLE WORD IN DIE OGGEND GESKRYF WAARNA SKOOL DIREK DAARNA NORMAAL SAL VOORTGAAN.
- LEERDERS KAN ASSEBLIEF NIE AFWESIG WEES MET DIE SKKRYF VAN VRAESTELLE NIE. INDIEN WEL MOET Ń MEDIESE SERTIFIKAAT/GELDIGE DOKUMENT INGEHANDIG WORD OM VRAESTELLE IN TE HAAL EN OOR TE KAN SKRYF.
- INDIEN VRAESTELLE BOTS MOET LEERDER DRINGEND MET ME P VAN ZYL GAAN GESELS VIR VERSKUIWING VAN VRAESTELLE.

Mnr J Swart
Hoof

Me L. Jonker
Adjunkhoof

Me P van Zyl
Departementshoof: Akademie

# Ekstraklasrooster

**Hoërskool Bastion**

**Graad 11-12 Ekstra klasrooster Kwartaal 1 2024**

| | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG |
|---|---|---|---|---|---|
| OGGEND | GASVRYHEIDSTUDIES (GR 12) | LEWENSWETENSKAP/<br>ELEKTRIES/<br>SIVIEL/<br>MEGANIES (GR 12)<br>REKENINGKUNDE (GR 11) | WISKUNDE/<br>TEGN WISKUNDE<br>(GR 12)<br>LEWENSWETENSKAPPE (GR 11) | REKENINGKUNDE (Gr 12)<br>WISUNDE/TEGNIESE<br>WISKUNDE (GR 11) | LEIERRAADVERGADERING |
| | | | | | |
| MIDDAG | FISIESE WETENSKAPPE<br>(GR 12)<br>RTT (GR 11) | RTT (GR 12) | KULTUURMIDDAG | I.G.O. (GR 12) | |

- LET WEL: KLASSE BEGIN IN DIE OGGENDE OM 6:50 EN SAL DUUR TOT 7:50. (KWARTAAL 1 KRY ATLETIEK VOORKEUR TOT 17 FEBRUARIE 2024)
- KLASSE NA SKOOL VIND PLAAS VAN 14:15 TOT 15:15. SPORTOEFENINGE VIR SENIOR SPANNE BEGIN OM 15:30.
- KLASSE BEGIN OP: 4 FEBRUARIE 2024.
- ALLE EKSTRA KLASSE IS VERPLIGTEND EN VERSKONING KAN SLEGS SKRIFTELIK EN GETEKEN DEUR BETROKKE OUER/VOOG PERSOONLIK BY VAKONDERWYSER GEDOEN WORD.

Mnr J Swart
Hoof

Me L Jonker
Senior Adjunkhoof

Me P van Zyl
Departementshoof: Akademie





# Sport en Kultuur

## Krieket






Rugby voor seisoen het begin op

5 Februarie.

Rugby oefening:


Maandae, Dinsdae en Donderdae:

– Juniors: 14.15 tot 15.30

- Seniors: 15.30 tot 17.00

Vrydae: Almal vanaf 14.15 tot 16.00

## HOKKIE


32 Springbok Road,
Johannesburg, 2093
info@empirecables.co.za
(+27) 10 447-6673

Empire

PVC, EARTH & SOLAR

- HOUSE WIRE SINGLE CORE GENERAL PURPOSE
- SINGLE CORE PVC PVC CABLE
- SINGLE CORE INSULATED CABLE (PANELFLEX)
- POWERFLEX SINGLE CORE
- HRQ HIGH TEMPERATURE INSULATED WIRE
- ILLUMINATION CABLE
- TRAILING CABLE NITRILE PVC
- SUBMERSIBLE PUMP CABLE
- CABTYRE
- ARMOURED CABLE (SWA)
- BARE COPPER EARTH WIRE
- RUNWAY LIGHTING CABLE
- AUDIO CABLE
- TWIN AND EARTH
- SURFIX
- AUTOMOTIVE TRAILER CABLE
- BLASTING WIRE
- DROP WIRE
- NORATE (ANTI THEFT EARTH WIRE)
- T.C.B
- SOLAR

RUBBER CABLE

- TYPE 41 FLEXIBLE TRAILING CABLE (640/1100V)
- TYPE 61A FLEXIBLE TRAILING CABLE (640/1100V)
- TYPE 61B LOW MASS NON REELING CABLE (640/1100V)
- TRACKLESS MINING CABLE (640/1100V)
- H07RN - F
- SINGLE POWER CORE (1.5 kV)
- SINGLE CORE (3.3kV)

ENGINEERING

- Welding
- Turning
- Wire Cutting
- Grinding
- Fabrication
- Finish and Assembly
- Precision Machining
- Machine Driver Programming

info@empirecables.co.za (+27) 10 447-6673







Bastion se Buffel Babes skop die jaar op hoë noot af!
Nie aleen het ons talentvolle leerders die afgelope week die keuringsproses geslaag nie, maar hulle smee die yster terwyl dit nog warm is met hul eerste opleidingsessie vandag.
Bastion is vandag die gasheerskool vir die Cheerleading Federation en dis vir ons leerders 'n groot voorreg om hierdie geleentheid by te woon.
Ons glo dat ons dogters en hul afrigter, Me B Venter, elke oomblik sal geniet en beslis nuwe vaardighede ryker sal word.
Beter Beste Bastion




Baie sterkte aan ons Boogskietspan wat die naweek by Laerskool Randfontein deelneem.

Die boogskiet was 'n reuse sukses Saterdag, 17 Februarie. 32 leerders het vandag opgedaag en al 32 het suksesvol gegradeer en mag nou aan die eerste kompetisie deelneem. Baie dankie vir Annie Nolan, Bert Nolan en Roann Lottering en André Dreyer wat vandag gehelp het met die afrigting van die leerders.





HOËRSKOOL BASTION    Total Archers : 19

| SH# | Surname | Name | Gender | Gr | School | Class |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 10425 | GUNTER | CATHELIJN | FEMALE | 8 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 10428 | KOEN | HAILEY | FEMALE | 8 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 10429 | NORTJE | LELANI | FEMALE | 8 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 10430 | STEYN | SASHA-LEIGH | FEMALE | 8 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 10433 | DREYER | JEANDRE | MALE | 8 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 10434 | KROG | IWAN | MALE | 8 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 10435 | NORTIER | DANICA | FEMALE | 8 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 10436 | PRETORIUS | XHIANN | MALE | 9 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 10438 | GUNTER | IWAN | MALE | 9 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 10439 | COOKE | ANTHONY | MALE | 11 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 10440 | CARSTENS | KATELYN | FEMALE | 10 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 10447 | JANSE VAN RENSBURG | ANDRIES | MALE | 8 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 10452 | WHITE | ANDRE | MALE | 8 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 5338 | NOLAN | CHRISTIAAN | MALE | 9 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 5340 | NOLAN | HENK | MALE | 8 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 6758 | CILLIERS | RIAAN | MALE | 9 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 8034 | MOILOA | LEANO | MALE | 9 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 8388 | CUNHA | LUCIEN LOPES | MALE | 10 | HOËRSKOOL BASTION | HS |
| 9066 | VAN HEERDEN | LUHANN | MALE | 8 | HOËRSKOOL BASTION | HS |

2



BASTION BOU




Beter Beste Bastion!

## GEDAGTE VIR DIE DAG!

'Een dag op 'n slag',
is al wat ons moet hanteer.
Ons kan nie terug gaan na
'gister' nie en ons kan nie
'môre' beheer nie.
So lewe vir 'VANDAG!'




Hoërskool Bastion

DIE SKOOL WAAR JOU WAARDES VASGELÊ WORD

AKADEMIES
TEGNO-AKADEMIES
KUNSTEVAKKE
GASVRYHEIDSTUDIES, VERBRUIKERSTUDIES & TOERISME

7 Januarie 2024

Geagte Ouer/voogde,

**Netbalinligtingsbrief Nr. 1/2024**

As skool sien ons werklik uit na die nuwe netbalseisoen wat voorlê. Na 'n uiters suksesvolle 2023 is ons opgewonde om te sien wat die nuwe jaar vir ons inhou. Hierdie dokument dien as inligtingstuk om u as ouer in staat te stel om te beplan vir die besige seisoen wat voorlê:

**1. Netballiga:**

Ons is uiters trots op die feit dat ons deel vorm van die Jomo-liga. Dit stel ons in staat om ons netbal te alle tye op n hoë standaard te handhaaf.

**Ligabepalings:**

18 April: Reddam Bryanston (weg)
23 April: Crawford Ruimsig (weg)
25 April: Fochville (weg)
02 Mei: Trinity College Little Falls (tuis)
14 Mei: Reddam Waterfall(Tuis)
16 Mei: President (Tuis)
21 Mei: Jomo Uitspele
23 Mei: Jomo Uitspele
27 Mei: Jomo Uitspele
31 Mei: Jomo finale
8/9 Junie: GSS kampioenskappe

**Voorseisoentoernooi:**
(29 Januarie 2024 – Netbaloefeninge begin vir alle nie-atlete na skool vanaf 14:15.

17 Februarie: Bastionproewe asook Ouerbraai
23 Februarie: Interspankompetisie en vriendskaplik teen Madiba
02 Maart: Brandwag (Tuis)
09 Maart: Genl. Hertzog (weg)
16 Maart:: Birchleigh (weg)
06 April: Brits (weg)
13 April: Finale Brandwag (weg)

**2. Afrigters:**

**Netbalorganiseerder:**
**Me P van Zyl**

0/14: Me Y Koekemoer en Me J du Toit
0/15: Me P van Zyl en Me S Gillman asook Me A Visser
0/16: Me M Jonker en Me S Francesco
0/17: Me M Smit
2Des: Me. R Badenhorst
1Stes: Me S Gilmann en Me P van Zyl

**3. Oefentye:**

Alle netbalspeelsters en afrigters is betrokke by oefeninge elke oggend vanaf 7 uur tot 8 uur op die atletiekveld. Dit vorm deel van ons kondisioneringsprogram en ons versoek dat alle netbalspeelsters daar sal aanmeld. Dit begin op 22 Januarie 2024.

Vanaf 29 Januarie 2024.
Maandae, Dinsdae, Woensdae asook Donderdae: (Slegs as speler nie aan atletiek deelneem nie of soos in Basuiner en op groepe deurgegee word)

0/14, 0/15 en 0/16: Vanaf 14:15 tot 15:30
0/17 asook 1stes en 2des vanaf 15:30 tot 17:00

**Let wel: Op Woensdae kry Kultuuroefeninge voorkeur tot 16:00**

**4. Kleredrag:**

Ons dogtersporte het in 2022 nuwe, meer moderne en ligter kleredrag aangekoop. Daar is ook saam met die rompie en die hempie die skoolsweetpak beskikbaar veral vir die koue wintersdae. Ons kouse is wit met die skool se wapen daarop.
Ons Eerste en Tweedespanne het die voorreg om spesiale klere te dra wat hulle dan as die seniorspanne identifiseer. Rokkies word deur klerewinkel bestel en daar vereffen(2de span)
Daar sal ook sportsakke met die skool se wapen in die klerewinkel beskikbaar wees maar is nie verpligtend nie

**5. Wedstryde en oefeninge**

Ons doen weereens 'n vriendelike dog ernstige beroep op alle ouers om u kinders te stuur na die oefeninge op die geskeduleerde tye, om sodoende ons spanne ten volle gereed te kry vir die seisoen wat voorlê. Baie dankie vir u samewerking. Indien u kind nie oefen nie moet asseblief nie verwag/vereis dat u kind in die beginspan sal wees nie. Om enige onsekerhede te voorkom is u welkom om met u kind se afrigter te kommunikeer. Alle spanne sal op Whatsapp-groepe wees waarop inligting deurentyd gekommunikeer sal word. Neem assseblief ook

kennis dat die keurders se besluit finaal is en geen inmenging van ouers toegelaat sal word nie.

**6. Kontakbesonderhede**

Die afrigters en skool ervaar jaarliks baie probleme met kommunikasie en om dit aan te spreek sal ons dit opreg waardeer indien u asseblief die afskeurstrokie volledig sal voltooi en terug te stuur na die skool toe voor of op Vrydag 2 Februarie 2024. Enige navrae rakende netbal kan aan Me P van Zyl gerig word by: petruvanzyl.pvz@gmail.com of 083 789 5398(WhatsApp). Of 011 568 7500.

**7. Ouderdomme van spelers**

Neem asseblief kennis dat spelers in die ouderdom se spanne moet speel waarin hy verjaar, wat impliseer die ouderdom wat die kind die jaar sal bereik, bv. as u kind iewers in die jaar 16 word, is u kind onder 16 al verjaar hy ook eers in Desember. Hierdie reël is van toepassing op alle sportsoorte. Indien u dalk bewus is van 0/14 spelers in ons omliggende laerskole word u versoek om dit aan Me P van Zyl deur te gee om sodoende daardie leerders ook geleentheid te gee om aan sport deel te neem. Alle speelsters word dus dan ook versoek om met ons eerste oefeninge 'n afskrif van hulle geboortesertifikaat te bring met klein fototjie. 0/16 tot 1stes moet hulle ID, dokument inhandig vir afskrifte asseblief. Elke leerder gaan ook 'n Departementele Vrywaringsvorm ontvang wat u asseblief volledig moet voltooi en aan die betrokke afrigter moet terugbesorg.

**8. Toere en Kursusse:**

Ons 0/14, 0/15, 0/16, 0/17 en Tweedespan sal afrigting ontvang tydens 'n oefenkamp wat by die skool aangebied sal word. Die leerders gaan in die skoolsaal oorslaap en ook 4 etes en 2 hempies ontvang. Briewe is reeds aan alle leerders gesirkuleer in 2023.Graad 8 dogters sal in Januarie 2024 hulle briewe ontvang. Die kursus is 27 en 28 Maart 2024

Ons Eerstespan woon die kursus van Dr Elsje Jordaan by Mutango Lodge waar hulle dan ook 'n toernooi gaan speel. Die kursus vind plaas vanaf 23 Maart tot 26 Maart 2024.

**9. Busvervoer**

Daar sal vir alle wedstryde asook proewe busvervoer beskikbaar wees. Alle speelsters word versoek om van ons busvervoer gebruik te maak na die betrokke wedstryde, Sodoende is ons verseker dat al ons speelsters te alle tye betyds en veilig is. U as ouer is welkom om u kind dan van daar af saam met u te neem. Let wel: Busgelde vir die volle buitemuurse seisoen beloop R350.00

**10. Proewe en Spankeuse**

**Ons datum vir ons Bastionproewe is 17 Februarie 2024 vanaf 08:00. Leerders kan hulle name opgee by:**

0/14: Me J du Toit
0/15: Me P van Zyl
0/16: Me M Jonker
0/17: Me M Smit
2des: Me R Badenhorst
1ste Span sal as skeidsregters optree.

**(A-spanne word 7 gekies met 2 reserwes. B-spanne word 10 speelsters gekies. C-spanne waar moontlik sal gekies word)**

**Proewedatums vir D2 asook Gautengspanne:**

**(Slegs A-span speelsters mag aan die D2 proewe deelneem)**

| | |
|---|---|
| 06 Maart: | 0/14 en 0/15 Areaproewe te KHS |
| 07 Maart: | 0/16, 0/17 en 0/18 D2 Proewe |
| 08 Maart: | 0/14 en 0/15 D2 Proewe |
| 11 Maart: | 0/14 tot 0/18 Interdistrikproewe |
| 15 Maart: | 0/18 Jomoproewe |
| 18 Maart: | 0/14 tot 0/17Jomoproewe |
| 02 April: | GSN Proewe te H/s Florida |
| 20 April: | GSN finale proewe te H/s Florida |

**11. Borgskappe**

Ons is bewus van die feit dat finansies sy tol eis dus versoek ons dat u Me P van Zyl in kennis sal stel van enige borge wat moontlik genader kan word vir borgskappe. Indien uself borge vir ons kan betrokke kry sal dit opreg waardeer word. Kontak asseblief net Me P van Zyl of Me L Jonker met alle inligting. Let wel: Indien u enige kleredrag ens. wil borg moet dit eers goedgekeur word en moet dit in ons skool se kleure wees.

**12. Gedragskodes vir spelers en ouers**

Gauteng Netbal het 'n Gedragskode daar gestel vir afrigters, skeidsregters, ouers en speelsters. Almal sal dit dus ontvang en onderteken en in ons netballêer gehou word sodat ons almal bewus is van alle reëls en regulasies. Ons as afrigters wil u as ouers egter verseker dat netbal asook ons dogters ons passie is en daarom sal ons alles insit om nie net suksesvol op die baan te wees nie maar ook om u dogter as mens eerste te stel. Dogters gaan ook 'n Popia-Act vorm kry om te voltooi. Wees asseblief verseker ons dra elke dogter se welstand en regte op die hart.

**13. Capping-seremonie:**

Soos ons tradisie is sal ons Eerste spanne by ŉ spesiale funksie amptelik as Eerstespanspelers ingehuldig word. Finale inligting sal aan betrokke ouers deurgegee word.

**14. Kursusse**

Die volgende kursusse word aangebied indien u as ouer dalk sou belangstel om u ook te kwalifiseer:

08 Februarie: Vlak 1 Skeidsregterskursus
10 Februarie: Praktiese skeidsregterssessie en eksamen
20 Februarie: D2 Afrigterskursus
19 Februarie: Gevorderde Skeidsregterskursus
(Kostes sal deurgegee word indien u sou belangstel)



**15. Algemeen**

a. Indien u enige navrae het kontak asseblief u dogter se spanafrigter of Me P van Zyl.
b. Tydens alle weg-wedstryde word busse gereël om te verseker dat dogters betyds by wedstryde aanmeld.
c. Elke ouer sal 'n Gedragskode soos uitgereik deur die GSN ontvang wat u deeglik met u kind moet bespreek, onderteken dit saam met u kind en stuur terug na die onderskeie afrigters.
d. Ons skool neem vanjaar in 'n voorseisoen en ook JOMO- liga deel soos hierbo uiteengesit.
e. Dogters moet asseblief elke oefening bywoon, aangesien dit onregverdig is indien spelers verkies word wat nie oefen nie. Alle netbalspeelsters MOET in die oggende aanmeld by die atletiekoefening as deel van kondisionering. Afrigters sal by oefeninge register neem.
f. Spanne sal tydens die voorseisoenreeks roteer om sodoende spelers die geleentheid te gee om hulle op te speel in spanne. Finale spanne word dus op 6 April gefinaliseer waar nodig.
g. Alle programme en tye van Vervoer sal op groepe deurgegee word. Maak dus asseblief seker dat u op die ouergroep van u dogter se span is.
h. Ons ervaar jaarliks probleme met dogters wat sommer vroeg in die seisoen ophou speel vir bepaalde redes wat dit baie moeilik maak vir afrigters en doen derhalwe 'n beroep op elke ouer om kinders aan te moedig tot deelname, sodat kinders kan ontwikkel. Onthou: Aanhouer wen! Ons netbaldogters is ons trots, ons presteer nie net op die netbalbaan nie maar ondersteun mekaar so dat hulle ook op Akademiese gebied wenners is.

Ons bedank dus graag elke afrigter, speler en ouer vir die harde werk wat met soveel toewyding gaan geskied hierdie seisoen, mag dit die beste jaar ooit wees.

Netbalgroete.

Bastion gee jou vlerke!

# HOËRSKOOL BASTION

# BASTION BUFFELS NETBALPROEWE

# SATERDAG 17 FEBRUARIE 2024

08:00 – OPENING EN VERWELKOMING

08:30 – OPWARMING

09:00 – 0/19 ASOOK 0/17 PROEWE (1STE SPAN INGESLUT)

(ALMAL VAN 0/15 TOT 0/19 WELKOM VIR 1STE SPAN FINALE PROEWE)

10:00 - 0/16 PROEWE

11:00 – 0/15 PROEWE

12:00 – 0/14 PROEWE

ALLE SPANLYSTE SAL MAANDAG 19 FEBRUARIE OP ME P VAN ZYL SE KANTOORDEUR GEPLAAS WORD. ALLE SPELERS GAAN GEAKKOMMODEER WORD EN REGVERDIGE KANS GEGEE WORD. LEERDERS KAN OOK DEEL VORM VAN ONS NETBALFAMILIE DEUR SELFS AS TELLINGHOUERS OP TE TREE EN DAN LATER OOK AS SKEIDSREGTERS OPGELEI TE WORD.

SNOEPIE SAL OOP WEES MAAR LEERDERS MOET ASB HOED, SONBLOK EN WATERBOTTEL SAAMBRING.

INDIEN LEERDER MET STUTTE SPEEL MAAK ASB. SEKER DAT HULLE DIT AAN HET.

NOODHULP SAL BESKIKBAAR WEES OP DIE DAG MAAR BRING EIE "STRAPPINGPLEISTER" ASB.

MELD ASSEBLIEF Ń UUR VOOR JY MOET PROEWE SPEEL AAN SODAT DAAR ORDENTLIKE OPWARMING KAN PLAASVIND. JY HOEF NIE VIR DIE HELE TYD HIER TE WEES NIE. DIE 1STE GROEP HELP ASB. UITPAK EN 0/14s HELP ASB. MET OPPAK VAN BANE.

LEERDERS WAT AAN DIE PROEWE WIL DEELNEEM MOET HULLE NAME VANAF MAANDAG, 12 FEBRUARIE, OP DIE LYSTE AANDUI TEEN DIE MUUR BUITE DIE PERSONEELKAMER.

SIEN ALMAL BY DIE PROEWE. ONS SIEN UIT NA Ń WONDERLIKE SEISOEN!




# Atletiekoefening steeds elke oggend.





Ons is baie trots op ons Atletiekspan wat Dinsdag, 13 Februarie aan die Interhoër deelgeneem het. Bastion was 3de uit tien skole.

| Place | Points | Team |
|---|---|---|
| 1 | 895 | CURRO HAZELDEAN |
| 2 | 731 | HANSMOORE |
| 3 | 605 | BASTION |
| 4 | 479 | ROODEPOORT HIGH |
| 5 | 409 | JAN VILJOEN |
| 6 | 289 | REDDFORD HOUSE-NORTHCLIFF |
| 7 | 262 | SPRING BOYS HIGH |
| 8 | 238 | POTCHEFSTROOM GIRLS HIGH |
| 9 | 179 | SPRING GIRLS HIGH |
| 10 | 129 | POTCHEFSTROOM BOYS HIGH |









Baie sterkte aan die atlete wat Maandag
by Hoërskool Bekker aan die Cluster deelneem.







Baie geluk aan ons atlete wat vandag aan die D2 atletiekkampioenskappe deelgeneem het.
Ons het 'n paar medaljes ingepalm en ons het 4 atlete wat na Gauteng kampioenskappe deurgedring het.
Ruan Porter met 2 items, Kara van Eeden en Owen Oberholzer
Ons seun o/17-span het ook hul  lopie in die aflos gewen.
Baie geluk.





*Beter Beste Bastion!*

# Buiteskoolverband







# Baie geluk

# Advertensies



















**HOËRSKOOL BASTION BEDANK GRAAG ONS BORGE. U MAAK ONS HANDE STERK EN HELP ONS LEERDERS OM HUL DROME TE BEWAARHEID**

CROWD CREATORS

BASTION BOU

AGT FOODS AFRICA

ONEOS 127

ARCHERY FOR GENES US

supa quick
more than tyre experts

Entin

MWC ASSESSING CC

AGA Elspark

SPARTANS

Help24
Roodepoort Rugby Club 80
ARTE NON IMPETU
SINCE 1943

WRPFF
WEST RAND PROTEIN FEEDS & FERTILIZER

SportsApp
Corporate & School Suppliers
Supplier of Admiral.

STEEL PIPES for AFRICA (Pty) Ltd
WESTRAND TEL: 011 955 4555

THIS PROPERTY IS PROTECTED BY
MAPOGO A MATHAMAGA
GUARDING DIVISION & 24/7 ARMED RESPONSE
BUSINESS & COMMUNITY SHIELD
010 492 4321

Hair 2 DYE 4
WE DO HAIR FOR ANY OCCASION!
Book your APPOINTMENT
WEDDINGS
MATRIC FAREWELL
DATE NIGHTS AND ANNIVERSARIES
ENGAGEMENTS
WE ALSO DO NAILS AND MAKEUP FOR ANY OCCASION!
CALL US TODAY!
34 MIMOSA STREET, WILROPARK, ROODEPOORT
083-984-6865

32 Springbok Road, Longdale, Johannesburg, 2093
info@empirecables.co.za
(+27) 10 447-6673
Empire
PVC, EARTH & SOLAR

AGA SOUTH AFRICA

uxi SPORT

BOSCH
Diesel Service